
# 176 Here hoeveel blye dae




Gee U nie bo my gedagte,ver bo wat ek ooit verwag,
elke dag se brood en kragte, hulp en moed van dag tot dag?
Gee U my nie duisend kere, onverdiend u seën, Here?
Selfs al moet ek leed verduur, bring dit seën op die duur.

Van die velde, uit die strome, uit die dieptes van die see,
uit die wolke, van die bome, deel U milde seën mee.
Jaar en maand en dag en stonde, elke vlugtige sekonde,
het u liefde en u trou steeds oor my die wag gehou.

Johannes Andreas Cramer (1723-88) verw. Christoph Anton ((+ 1658)